DIE GRONDSLAG, WESE EN KODE VAN DIE VOORTREKKERS

DIE GRONDSLAG, WESE EN KODE VAN DIE VOORTREKKERS

GRONDSLAG VAN DIE VOORTREKKKERS

Doel

Om te verstaan hoe die pilare waarop Die Voortrekkers staan, lyk

Uitkoms

- Om die ABC te leef
- Om 'n ABC-mens te wees

Doenwenke

- Leer die Wese, Grondslag en Voortrekkerkodes uit jou kop
- Hierdie is seker die belangrikste van al die werk in jou Verkennerlewe
- Maak seker jy ken die begrippe:
- Woordopenbaring
- Skeppingsopenbaring
- God Drie-enig
- Leer dit soos 'n pappegaai en vertel dan vir iemand anders wat jy geleer het

Slaggate

- As jy nie die kode uit jou kop kan opsê nie
- As jy nie verstaan hoe die ABC en Grondslag, wese en Doelstellings van Die Voortrekkers inmekaar skakel nie

Artikel 2 van ons rondwet lui:

Die grondslag van Die Voortrekkers is die Woord- en Skeppingsopenbaring van God drie-enig.
Dit beteken dat ons geloof in die Drie-enige God die basis is waarop Die Voortrekkers gebou is.

Hoe kan ons sondige mense die almagtige God leer ken?

Ons kan God net op twee maniere leer ken: deur die Bybel en deur die natuur.

Doenwenk:

Lees Psalm 19 en Romeine 1 vers 20. Ons bou dus ons jeugbeweging op die kennis wat God aan ons bekend gemaak het. Ons sê saam met Paulus in Romeine 11 vers 36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!"

Kyk na die betekenis van die woorde "Woordopenbaring", "Skeppingsopenbaring" en "God Drie-enig".

Woordopenbaring:
As jy iets "openbaar", dan maak jy dit bekend sodat dit gesien en verstaan kan word. "Woord" verwys natuurlik na die Bybel soos ons dit ken.

Dus beteken “Woordopenbaring” hoe God Homself aan ons in die Bybel bekend stel.

Skeppingsopenbaring:
Die woord "skepping" beteken die heelal met alles wat daarin lewe - die son, die maan, die planete en al die sterre sover as wat die mens kan sien.

Ons sien met verwondering die handewerk van God in die skepping raak. Ons moet egter die Bybel en God se openbaring in die skepping saamlees. Die Bybel maak juis ons oë oop om die wette van God in die skepping raak te sien, te verstaan en te aanvaar.

God Drie-enig:
Daar is baie gelowe in die wêreld wat aanvaar dat daar 'n god is wat almagtig is en wat die heelal geskep het.

Die Christelike godsdiens is gebou op sy geloof in God die Vader, die almagtige Skepper van hemel en aarde, en in Jesus Christus, die God wat mens geword het, wat as 'n mens vir ons sondes gekruisig is en wat as God uit die dood opgestaan het. Daarby versterk die Heilige Gees ons in ons daaglikse lewe. Hieruit volg dan die belydenis van die Drie-enige God, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees. As 'n mens net in 'n god glo, dan verwerp jy ook vir Jesus Christus en jy moet met jou eie verdienste voor die almagtige God staan. Daarom staan daar "God Drie-enig" (en nie net "God" nie) in ons grondslag.

Dit is duidelik dat elke woord in ons grondslag sorgvuldig gekies is. Hierdie grondslag is deur die Hoofbestuur geformuleer en deur die kongres in 1993 goedgekeur.

Jy, as 'n Voortrekker, moet dit presies verstaan soos wat dit bedoel is, sodat jy dit met selfvertroue aan ander mense kan verduidelik.

DIE WESE VAN DIE VOORTREKKERS

Die wese van Die Voortrekkers word in Artikel 3 van ons grondwet beskryf:

Die Voortrekkers is 'n outonome kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk, in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God, en diens aan volk, land en medemens.

Dit is 'n kort opsomming van wat Die Voortrekkers is en watter soort mense daaraan behoort. Dit sê ook wat ons nie is nie: ons is nie 'n ontspanningsvereniging, 'n buitelugklub, 'n godsdienstige beweging, of 'n politieke organisasie se jeuggroep nie.

Die Voortrekkers is ook nie 'n algemene jeugbeweging vir al die kinders in ons land nie - dit is spesifiek vir lede van die Afrikanervolk bedoel.

'n Engelssprekende persoon kan byvoorbeeld nie by Die Voortrekkers aansluit en dan verwag dat daar darem af en toe ook Engels gepraat moet word nie.

Dit beteken egter nie dat ons niks met die ander kultuurgroepe se kinders te doen wil hê nie, of hulle kultuur minag nie, of selfs nie Engels kan praat nie! Ons is ook Suid-Afrikaners wat saam met die ander kultuurgroepe veg om ons land te verdedig, saam ons land se sportmanne ondersteun, saam strewe na vrede en saam werk vir voorspoed in Suid-Afrika. Daarom maak Die Voortrekkers kontak met ander nie-politieke jeugbewegings soos die Landsdiens, die Jeugbrigade, die Boy Scouts en die Girl Guides.

So het Die Voortrekkers dan ook die leiding geneem met die aanbieding van multi-kulturele jeugkonferensies waar Verkenners in gesprek getree het met jeuglede van ander kulture. Hierdie konferensie het ten doel om gemeenskaplike grond te vind vanwaar ons almal as positiewe landsburgers kan saamwerk om 'n suksesvolle toekoms vir ons pragtige land te verseker.

Om die werklike betekenis van die wese ten volle te verstaan, gaan ons 'n paar van die moeiliker begrippe bespreek:

"Outonome" beteken dat Die Voortrekkers as kultuurbeweging vry is om sy eie besluite te neem ten opsigte van handelinge en standpunte. Hierdie besluite word egter altyd gerig deur ons grondslag, wese en doelstellings en moet binne die raamwerk van ons grondslag plaasvind.

"Bybels-Christelik" beteken dat ons lewe
- uit die *genade* van God
- volgens die *Woord* van God
- uit die Christelike *geloof*
- en tot eer van *God alleen*

Van die vroegste tye af wonder mense hoe die mens op aarde beland het en waarom hulle juis hier beland het.

'n *"Lewens- en wêreldbeskouing"* is 'n mening oor die betekenis en doel van 'n mens se bestaan hier op aarde. Die "Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing" word uit die Bybel gehaal en in geloof aanvaar. Daarvolgens leef ons uit die genade van God en is die doel van ons lewe om God te eer. Uit dankbaarheid lewer ons dan diens aan ons medemens.

Die *"Afrikanervolk"* is 'n groep mense met

- 'n eie taal, Afrikaans
- 'n gemeenskaplike geskiedenis en tradisies
- 'n Christelik-Protestantse godsdienssin
- 'n eie kultuur geskoei op die Europese volkskultuur
- 'n betrokkenheid by die mense van Afrika

Soos in enige kultuurgroep is die grense van die Afrikanervolk nie skerp afgebaken nie. Om tot die Afrikanervolk te behoort, moet 'n persoon enersyds tuis in die groep voel (hom met die groep vereenselwig) en andersyds deur die groep as een van hulle beskou word (aanvaarding deur die groep).

Die blote feit dat jou ouers Afrikaners is, maak nog nie van jou 'n Afrikaner nie - eers as jy self sê "Ek is 'n Afrikaner" en jou optrede laat die Afrikaners rondom jou sê "Hy is 'n Afrikaner", dan eers is jy regtig 'n Afrikaner.

Let op dat die wese se laaste deel *eer aan God, en diens aan volk, land en medemens* dieselfde is as die Verkennerbelofte wat jy afgelê het. Hierdie woorde is werklik die wesentlike kern van Die Voortrekkers.

Doenwenk:

Om seker te maak jy verstaan presies wat die wese van Die Voortrekkers beteken, skryf in jou eie woorde hoe jy aan 'n persoon sou verduidelik wat Die Voortrekkers nou eintlik is.

DIE VOORTREKKERKODE

Volgens die woordeboek is 'n kode die reëls wat deur die lede van 'n vereniging erken word. Daarom leef almal in Die Voortrekkers volgens dieselfde kode en alles wat ons in Die Voortrekkers doen, draai rondom hierdie kode. Dit bepaal jou optrede teenoor ander mense en teenoor God. As jy 'n suksesvolle Voortrekker wil wees, moet jy hierdie kode ook jou leefwyse maak.

Dit is maklik om woorde te sê sonder om regtig na te dink oor wat jy sê. Jy sal vir 'n maat skree: "Ek vermoor jou!" sonder om dit regtig te bedoel. Nog erger, dink maar hoe baie keer sê ons dinge vir mense wat ons glad nie werklik bedoel nie.
Daar is egter tye wanneer elke woord baie belangrik is. As jy eksamen skryf, of in 'n hof getuienis lewer, of voor mense 'n belofte aflê, weeg jy elke woord versigtig. So is elke woord in die geloofsbelydenis vir jou as Christen uiters belangrik, en daarom preek predikante gereeld oor die betekenis van die woorde daarin. Maar omdat die geloofsbelydenis elke Sondag in die kerk opgesê of aangehoor word, is daar ook 'n gevaar dat jy later net 'n aksie uitvoer en nie werklik die woorde hoor nie.Dieselfde gevaar kan ook by die Voortrekkerkode ontstaan.

Die Voortrekkerkode spel 'n Voortrekker se lewenswyse uit. Alles wat 'n Voortrekker doen, moet daaraan gemeet word. Daarom moet jy die dieper betekenis van hierdie woorde baie goed begryp, anders word die Voortrekkerkode vir jou net 'n rympie wat jy vlot kan opsê.

Kom ons kyk wat elke onderdeel van die kode beteken:

1. *'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom*
Ons het reeds tydens die bespreking rakende die Grondslag van Die Voortrekkers gekyk na die betekenis van die woord “Drie-enig”. As jy onseker is hieroor, gaan lees dit weer na.
Om God te "dien", is meer as net om vir God te werk. Dit beteken dat jy bely dat alles uit God, deur God en tot God is. God is die middelpunt van jou lewe. Wat jy ook al regkry in jou lewe is suiwer deur Sy krag en Sy genade en jy beredeneer lewensprobleme vanuit 'n oogpunt dat God in absolute beheer is. Daarom aanvaar jy God se gesag op alle terreine van jou lewe: die hantering van jou geld, jou omgang met die natuur, die versorging van jou naaste, jou deelname aan sport, ensovoorts. Deur die Bybel te lees, elke dag te bid, gereeld kerk toe te gaan en gesprekke oor godsdiens te voer, probeer jy om te verstaan wat God se wil met jou is en strewe jy daarna om in harmonie met God te leef. Uit dankbaarheid wil ons dan ook elke dag werk om sy koninkryk uit te brei.

2. *'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe*
Die Bybel is die riglyn van elke Voortrekker. Dit is die maatstaf waaraan ons elkeen ons leefwyse meet. As jy God dien, bepaal dit prakties hoe jy elke dag lewe. Uit die Bybel vloei riglyne wat ons 'n waardesisteem of norme noem, oor hoe jy in alledaagse situasies moet optree. Kom ons noem drie van hierdie norme uit 'n Christelike waardesisteem:
   - *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.* Dit impliseer dat ons nie leef volgens die oerwoudwet van "die sterkste oorleef" nie. Inteendeel, ons versorg die swakkes.
   - *Arbeidsaamheid.* Jy moet vir jouself sorg en nog vir ander ook oor hê. Lees Galasiërs 5.
   - *Vreugde.* As jy nie vriendelik teenoor almal is nie, dan skort daar iets in jou verhouding met God. Soek 'n paar plekke in die Bybel waar ons die opdrag kry om nie kwaad te word nie en in blydskap te lewe.

Kan jy aan nog norme dink? Skryf drie neer en bespreek dit tydens julle spanvergadering:

1. _____
2. _____
3. _____

Hierdie waardesisteem bepaal ook jou houding teenoor dinge wat rondom jou gebeur soos die politieke situasie in die land, die programme op televisie, boeke wat jy lees, woelinge in jou skool, jou roeping in Afrika.

Ter opsomming:
'n Voortrekker strewe daarna om na die voorbeeld van Christus te lewe.

3. *'n Voortrekker aanvaar gesag*
Dit beteken dat jy jou eie wense op die agtergrond skuif en bereid is om jou te onderwerp aan dissipline in 'n groep van die mense wat jou opvoed, leer of lei. Die rede hiervoor vloei uit ons Christelike leefwyse voort. 'n Voortrekker het eerbied vir gesag omdat ons aanvaar dat alle gesag van God kom, al verskil ons soms met die wyses waarop mense hulle gesag uitoefen.

Beteken dit dat elke Voortrekker blindelings elke opdrag wat hy kry, moet uitvoer? Sekerlik nie! As jou klein boetie vir jou probeer rondstuur, sal jy vinnig jou gesag oor hom laat geld!

Watter gesag moet jy as 'n Voortrekker dan aanvaar?

(a) *Christus se gesag* omdat Hy die middelpunt van jou lewe is.

(b) *Jou ouers se gesag* omdat dit 'n spesifieke Bybelse opdrag is. Skryf neer waar dit in die Bybel staan: _____

(c) *Gesagsfigure* soos onderwysers, die polisie, verkeersbeamptes en ander omdat alle gesag van God af kom en Hy mense op verskillende terreine van die lewe gebruik om dit namens Hom uit te oefen.

Maar juis omdat God die Bron van alle gesag is, moet hierdie mense dit uitoefen soos Hy dit wil hê. As hulle dus hulle gesag misbruik, is dit onaanvaarbaar vir die Christen wat God se wil altyd bo die wil van die mens moet stel

Watter gesag aanvaar 'n Voortrekker dan nie?
'n Voortrekker gehoorsaam nooit 'n bevel of opdrag wat in stryd is met jou Christelike lewenswyse nie, want God se gesag is hoër as dié van enige mens.

4. *'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere*

'n Volk word aan sy kultuur uitgeken. Dit sluit alles in wat die mense van die volk skep: kuns, musiek, vermaak, huise, paaie, damme, boerdery, ensovoorts. 'n Volk se taal is ook baie belangrik, omdat dit die volk in baie gevalle dadelik van ander mense onderskei. Daarom is Afrikaans vir ons so kosbaar. Terselfdertyd het ons ook respek vir die kultuur van ander volke in Suid-Afrika en op ander plekke.

Hierdie kode beteken dat jy jou vereenselwig met die taal en kultuur van die Afrikanervolk; jy voel jouself 'n deel daarvan, jy is trots daarop en jy wil ook help om inhoud daaraan te gee.

Die kultuur van die Afrikanervolk is, soos enige ander kultuur, nie skerp afgebaken nie. Mense se optrede en hulle aanvaarding binne die algemene Afrikanergemeenskap bepaal of hulle aan die kultuurgroep behoort. Ons kultuur het ook baie gemeenskaplike dinge met ander kulture in ons land. Dink maar aan musiek, rugby, vleisbraai, boerderymetodes, ensovoorts.

Omdat ons trots is op ons taal en kultuur, het ons ook waardering en respek vir die taal en kultuur van die ander volke in ons land. Ons land is trouens 'n lappieskombers van verskillende kulture waarvan nie een dominant is nie. Dit is nie ons taak om die ander kulture te bevorder nie, maar ons kan hulle musiek geniet of van hulle disse eet en in die algemeen ook vir hulle 'n lewensruimte gun. Hoe meer tale 'n mens kan praat, hoe beter kan jy kommunikeer.

Doenwenk

Die Bybel het 'n groot invloed op Afrikaans. So het 'n hele paar idiome en idiomatiese persoonsname hulle oorsprong in die Bybel. Skryf neer wat elkeen van die volgende bekende uitdrukkings beteken en waar dit in die Bybel voorkom:

Sy hande in onskuld was.	
Soos 'n dief in die nag.	
Die vetgemaakte kalf slag	
Jou lig onder die maatemmer verberg.	
Iemand die leviete voorlees.	
'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.	
'n Profeet is nie in sy eie land geëerd nie.	
Wat jy saai sal jy maai.	
Die vleispotte van Egipte.	
'n Barmhartige Samaritaan.	
'n Ongelowige Thomas.	
'n Jona.	
Gideonsbende.	
Mammon.	
'n Sondebok.	
'n Delila.	
'n Fariseër.	
'n Goliat	
Evasgeslag.	

Die uitlewing en instandhouding van ons Afrikanerkultuur is vir ons as Voortrekkers so belangrik, dat ons later in die Verkennerlewe 'n hoofstuk spandeer aan die kultuuropdrag (Sien die afdeling oor Christenskap).

5. *'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop*
'n Voortrekker kyk altyd vorentoe na die toekoms. Om vir die toekoms te beplan, moet 'n mens die foute van die verlede vermy en die goeie dinge steeds probeer behou. Daarom moet ons die geskiedenis van ons volk in hierdie land goed ken, sodat ons al die redes vir die besluite van ons voorvaders kan verstaan. Verder kan ons net 'n waardering vir ons voorouers en 'n trots as Afrikaners kweek as ons die verlede ken

'n Voortrekker leer nie net uit die geskiedenis deur boeke te lees nie. Jy kan monumente besoek, en seker maak dat jou oë die boodskap wat hulle uitdra, inneem. Jy kan volksfeeste bywoon en jou ore gebruik om wyser te word. Maar kom ons raak prakties. Merk af watter monumente jy al besoek en die simboliek daarvan goed bekyk het.

- ☐ Voortrekkermonument,Pretoria
- ☐ Hugenotemonument, Franschhoek
- ☐ Voortrekkermonument, Winburg
- ☐ Oudstrydersmonument, Windhoek
- ☐ Taalmonument, Paarl
- ☐ Bloedriviermonument, Utrecht

As jy ander Afrikanermonumente besoek het wat jou beïndruk het, voeg dit by die lysie:

_____ _____

_____ _____

Doenwenk

Berei jou voor om in die volgende spanvergadering 'n paar minute te vertel wat jy geleer het by een van die monumente wat jy al besoek het.

Hoeveel volksfeeste het jy die afgelope twee jaar bygewoon en kan jy iets daarvan onthou? Het jy al nagedink oor wat 'n volksfees nou eintlik is? Dit is sekerlik nie 'n plek vir politieke toesprake nie. Dit is 'n byeenkoms van Afrikaners, dit moet lekker wees en dit moet inligting oor die Afrikaner se kultuur of geskiedenis oordra. Hoe kan jy sê dat jy jou met die Afrikanervolk vereenselwig en dan van so 'n volksfees wegbly?

As jy nie 'n volksfees soos Geloftedag kan bywoon nie, dink daaraan om die dag in julle gesin te vier, of nooi selfs vriende om dit saam met julle te kom vier. Dit hoef nie 'n groot storie te wees nie; julle kan net saam eet en voor ete die Gelofte voorlees, of selfs net 'n gesprek oor die betekenis van hierdie dag vir vandag se Afrikaner voer.

6. *'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing*
Die mens het 'n Bybelse opdrag ontvang om oor die natuur en die diere te heers (Genesis 1:28). Dit beteken egter ook dat dit bewaar moet word tot voordeel van die mens. Mens en natuur moet saam die pad van vooruitgang loop. Die een moet nie ten koste van die ander afgebreek word nie. Indien die omgewing verniel word en deur tegnologie geïgnoreer word, is die mens en dier die lydende partye.

Die bodem is die grond waarop ons leef, saam met die water, die plantegroei en die diere wat daarmee saamgaan. Dit dui nie net op plase nie, maar ook op die stede. Veral in die stad rus daar 'n verpligting op ons om die omgewing te verfraai deur tuin te maak en 'n plant of blomme in die kantore te plaas.

Jy weet reeds dat 'n Voortrekker nie rommel strooi of plante verniel nie, maar ons moet nog verder gaan as dit.

Ons moet help kyk dat tegnologie en die natuur in harmonie leef, dat skaars plant- en diersoorte nie uitgewis word nie, dat ons lug skoon bly, ensovoorts. Dit kan jy net doen as jy die nodige kennis het en daarom moet jy moeite doen om meer oor jou omgewing te wete te kom.

Natuurbewaring gebeur nie oornag nie.

Dit neem jare om erosie te bestry, om 'n boom groot te maak, om indringerplante uit te roei, om besoedelde riviere weer skoon te kry, en om bedreigde spesies weer te laat aanteel. Jy moet nou al begin werk as jy wil hê dat jou nageslag dieselfde dinge in die natuur moet kan geniet as wat nou vir jou mooi is. As jy dan iets positiefs doen om ons bodem te bewaar, sê vir jouself: Dis vir my nageslag.

7. *'n Voortrekker is 'n goeie landsburger*

Die meeste Afrikaners is ook Suid-Afrikaners, want hulle is burgers van die Republiek van Suid-Afrika. Ander Afrikaners is burgers van Namibië, of ander lande waar hulle woonagtig is. Saam met die ander burgers van die land, is jy bereid om jou land te verdedig teen enigeen wat dit met woorde of wapens aanval. Ons wil graag help om ons land te ontwikkel sodat dit met al die mense in ons land goed kan gaan. Daarom vereer jy die staatsimbole van die land, want dit simboliseer jou aandeel in die land en jou deelname om die staat sterk en vooruitstrewend te maak. Jy is nie soos die Vlieënde Hollander wat nêrens 'n rusplek vir sy voet het nie! As jou land se sportmanne presteer, is jy saam bly, en jy sal trane van blydskap stort as jy self jou land op die sportveld kan verteenwoordig.

Jy moet goed verstaan dat jou lojaliteit teenoor die land is, en nie noodwendig teenoor die regering van die dag nie.

As jy die nasionale vlag salueer, het dit niks te doen met wie die regeringshoof van die land op daardie oomblik is nie. Regerings kom en gaan, politieke partye verskyn en verdwyn, wette word gemaak en weer geskrap, selfs grondwette word herskryf, maar die staat bly voortbestaan totdat dit sy onafhanklikheid verloor (byvoorbeeld as 'n ander land dit verower of as dit vrywillig 'n deel van 'n ander land word). Die nasionale of landsvlag is juis die vlag van die staat en nie van die party wat aan bewind is nie.

Daar is een plig op 'n burger van 'n demokratiese staat wat nooit geïgnoreer mag word nie, naamlik om jou stemreg uit te oefen. Elke burger moet aan die politieke proses deelneem om die beste moontlike regering vir die land te probeer verkry.

8. *'n Voortrekker neem leiding*

Voortrekkers is natuurlike leiers. In tye van nood en teenspoed staan hulle nie onbetrokke eenkant nie. Hulle wag ook nie om gevra te word om te help nie.

Dit beteken nie dat jy spesiaal moet rondsoek waar jy kan help nie; maar as dit op jou pad kom, moet jy altyd bereid wees om dadelik jou deel te doen. Ook in die klaskamer, op die sportveld, by die kerk, en in jou ouerhuis moet jy reg wees om voor te vat as dit nodig is, selfs al beteken dit dat jy minder vrye tyd gaan hê en al verg dit moed en deursettingsvermoë en 'n dikkerige vel teen die negatiewe aanmerkings van party kinders. Dit alles is inderdaad makliker gesê as gedoen; maar jy sou nie in Die Voortrekkers gewees het as jy nie van die regte staal gemaak is nie

Nou goed, jy is bereid om te lei, maar dit wil nog nie sê dat jy sommer vanself 'n goeie leier gaan wees nie, veral nie as jy 'n groot groep mense moet lei nie. Daarom is daar later in die Verkennerlewe 'n hoofstuk gewy aan Leierskap sodat jy geskool kan raak in die basiese beginsels van suksesvolle leier-wees. Onthou net dat die leier nie net die ou in die kollig is nie; dit is ook die ou wat al die verantwoordelikheid dra en wat in krisisse koelkop moet bly.

Die finale implikasie vir jou is dat jy as 'n volwassene 'n leier moet word. Al die opleiding in Die Voortrekkers om van jou 'n effektiewe leier te maak, is voorbereiding vir jou rol as 'n leier in die gemeenskap waar jy eendag gaan woon. Jy is nie besig om pop te speel nie; jy is besig om te oefen vir die opwindende grootmenslewe wat op jou wag.

9. *'n Voortrekker is oplettend en weerbaar*

"Oplettend" is die vermoë om dinge rondom jou raak te sien, of dit nou besoedeling van die omgewing is, of behoeftes van 'n medemens, of geleenthede vir jouself, of wat ook al.

Baie mense is so erg in hulself gekeer dat hulle byna niks of niemand om hulle raaksien nie. As die wil daar is, kan jy oplettendheid aanleer deur net doelbewus te oefen. Jy moet belangstel in die mense en die omgewing rondom jou, anders sal jy nie die Voortrekkerkode kan uitvoer nie. As jy dalk eendag navorsing wil gaan doen, sal jy hierdie vermoë om oplettend te wees, baie nodig kry.

Die woord "weerbaar" beteken letterlik om geskik te wees om te veg; met ander woorde jy is reg om jouself te verdedig teen liggaamlike aanvalle.

Ons bedoel nie net fisiese weerbaarheid waar jy jou liggaamlike krag moet gebruik om aanvalle af te weer nie, maar ook geestelike weerbaarheid om te keer dat verkeerde invloede (drank, dwelms, pornografie, geweldskultus) nie jou lewe verongeluk nie. Om jouself behoorlik te laat uitstyg in 'n uitdagende lewe as jong volwassene, gaan jy egter ook weerbaar moet wees wat ander aspekte van die lewe aanbetref. Ekonomiese weerbaarheid sal jou lei tot die verantwoordelike bestuur van jou persoonlike finansies, sowel as die korrekte keuse van versekering en beleggings.

Om jou plig as positiewe landsburger uit te voer, sal jy ook moet verseker dat jy polities weerbaar is deur 'n basiese kennis en begrip van onder andere die land se grondwet en menseregte te hê. Meer hieroor in die hoofstukke wat volg.

10. 'n Voortrekker is diensvaardig

Jy moet bereid wees om jou hand uit te steek om jou naaste te help, nie net wanneer dit jou pas nie, maar wanneer jou naaste dit nodig het. Dit is 'n opdrag wat Jesus Christus self vir al sy volgelinge gegee het. Daarom moet jy dit met vreugde doen, want daardeur betoon jy jou dankbaarheid vir alles wat God vir jou doen.

John Maxwell skryf in sy boek “Leierskap wat werk” 'n hoofstuk oor Diensvaardigheid. Hoekom? Want om vooruit te kom, moet jy ander eerste plaas. Diensvaardigheid gaan nie oor posisie of vaardigheid nie, maar oor gesindheid. Ons was al almal in situasies waar mense in diensposisies 'n swak gesindheid teenoor diensvaardigheid openbaar. Dink maar aan die kelner wat hom nie steur aan jou bestelling nie of die kassiere wat eerder met 'n kollega kuier as om jou te help. Net soos jy kon aanvoel dat die persoon jou nie regtig wou help nie, kan ander aanvoel as jy nie 'n dienskneg se hart het nie.

Kom ons kyk na die eienskappe wat 'n diensbare Voortrekker sal openbaar:

i. *Plaas ander voor sy eie agenda* - dit beteken jy moet doelbewus van die mense rondom jou se behoeftes bewus wees, beskikbaar wees om hulle te help en hul begeertes as belangrik aanvaar.

ii. *Sal selfvertroue hê om te dien* - hierin lê die kern van diensvaardigheid vasgevang. Hoe ons ander behandel, is in der waarheid 'n weerspieëling van hoe ons onsself sien.

iii. *Onderneem diens aan ander* - Min of meer almal sal dien as hulle verplig word of as daar 'n krisis is, maar groot leiers sien die behoefte raak, gryp die geleentheid en dien sonder om enige iets terug te verwag.

iv. *Is nie bewus van posisie nie* - Diensbare mense fokus nie op rang of posisie nie, maar eerder op die pligsbesef om te dien.

v. *Dien uit liefde* - Diensbaarheid word aangedryf deur liefde, nie deur manipulasie of selfbevordering nie.

Doenwenk

In jou span kan julle julle diensbaarheid verhoog deur:

- Klein dade te doen vind vandag nog maniere waarop jy klein dingetjies te doen vir die mense naaste aan jou om te wys dat jy omgee.
- Gaan tot aksie oor - dit help nie om net oor diens aan die medemens te praat nie. Jy en jou span sal aktief moet rondkyk waar mense hulp nodig het: bejaardes, hospitale, maats met geestelike probleme, selfs in jou huisgesin. Verseker sal daar hulpbehoewendes op jou pad geplaas word - moet hulle net nie miskyk nie!

Albert Schweitzer het opgemerk: “Ek weet nie wat jul noodlot sal wees nie, maar een ding weet ek wel: Dié onder julle wat regtig gelukkig gaan wees, is dié wat wou dien en 'n manier gevind het om dit te doen”. As jy op die hoogste vlak wil lei, moet jy bereid wees om op die laagste vlak te dien.

Hopelik sal jy nou met nuwe oë na die Voortrekkerkode kyk. Om volgens hierdie kode te lewe vra baie van jou, maar dit waarborg 'n sinvolle en vrugbare lewe. Deur die jare het baie Afrikaners al hierdie lewenswyse beproef en groot sukses behaal. Wat van jou?